DIE BEWARING VAN ONS TASBARE AFRIKAANSE TAALERFENIS

Hiermee ontvang u die eerste omsendskrywe rakende die Erfenisstigting se beoogde Nasionale Beraad van 2016.

PLEK: PRETORIA, GAUTENG

LOKAAL: DE KROON, VOORTREKKERMONUMENTTERREIN, GROENKLOOF

DATUM: 11 & 12 AUGUSTUS 2016

Toenemende kommer word uitgespreek oor die stand van die fisiese bewaring van Afrikaanse dokumente, geskrifte, publikasies, ens. by instansies en bewaarplekke landswyd. Hierdie beraad het dus nie as tema die bewaring en/of bevordering van Afrikaans as taal nie, maar die stand van die **tasbare nalatenskap** van skrywers, digters, letterkundiges, taalkundiges, ens. Dit hang uiteraard saam met die agteruitgang van argiefbewaarplekke in Suid-Afrika. Sprekers is welkom om ook bydraes te lewer oor die aktuele onderwerpe van museums, huismuseums, monumente en standbeelde wat met die Afrikaanse taal verband hou (let wel, dit moet kultuurhistoriese navorsingsresultate weerspieël en nie politieke opinies nie). Die gedagte is om 'n geheelbeeld te vorm van die algehele stand van sake re die tasbare Afrikaanse taalerfenis en gedagtes te wissel oor die toekoms daarvan – hier te lande, maar ook in die buiteland.

U word uitgenooi om aanbiedings vir referate aan die keurkomitee voor te lê. Voorleggings moet bestaan uit 'n titel en 'n opsomming van ongeveer **300 woorde** van die inhoud. Dit moet vergesel wees van u titel, naam, adres, e-posadres, landlynnommer en selfoonnommer. Ons ontvang graag voorleggings voor **1 Junie 2016**. U kan dit aan Estelle Pretorius by navorsing@es.org.za stuur.

Met vriendelike groete

Cecilia Kruger

SENIOR BESTUURDER ERFENISBEWARING

3 Februarie 2016